



Geskiedenis – Graad 9


Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	--------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	--------------	--------------	---



- Watter verdrag, wat na die Eerste Wêreldoorlog onderteken is, het Hitler geglo was verraad teen Duitsland?**
(a) Verdrag van Parys. (b) Verdrag van Versailles.
(c) Verdrag van Vereeniging. (d) Verdrag van Berlyn.
- In watter jaar het die Geallieerde Magte die Internasionale Oorlogsmisdade-tribunaal geskep?**
(a) 1845 (b) 1846 (c) 1945 (d) 1946
- Die eerste massavergassing van Jode het in watter uitwissingskamp plaasgevind?**
(a) Chelmno. (b) Auschwitz. (c) Treblinka. (d) Belzec.

- Wie was die Nazi-minister van propaganda?**
(a) Joseph Goebbels. (b) Albert Speer. (c) Martin Bormann. (d) Herman Goering.

- Wat is die ooreenkoms om die verspreiding van kerntegnologie te verhoed, genoem?**
(a) Kernsperverdrag.
(b) Kenbeperkingsverdrag.
(c) Kernverbodverdrag.
(d) Geen-kernverdrag.

- Pearl Harbour is op watter Hawaise eiland geleë?**
(a) Honolulu. (b) Kauai. (c) Maui. (d) Oahu.

- Watter van die volgende beskryf 'fascisme' die beste as 'n Regeringstelsel**
(a) waar die mag in 'n paar mense gesetel is.
(b) wat deur demokrasie gelei word.
(c) gelei deur 'n diktator met absolute mag, wat opposisie gewelddadig onderdruk en dikwels rassisties is.
(d) waar die mense al die mag het.



- Wie was die Geallieerde Magte in die Tweede Wêreldoorlog?**
(a) Duitsland, Italië en Japan.
(b) Duitsland, Italië en Turkye.
(c) VK, Frankryk en Italië.
(d) VK, Frankryk, USSR en die VSA.

- Wat was die VSA beleid om kommunisme te bedwing, genoem?**
(a) Marshallplan. (b) Trumandoktrine.
(c) Berlynlugbrug. (d) Golf van Tonkinresolusie.

- Hitler het plakkate, toesprake en boeke gebruik om 'n beroep op Duitse emosies te maak. Wat word dit genoem?**

(a) Propaganda. (b) Afpersing. (c) Adverteer. (d) Politiek.

- Wat was die denkbeeldige lyn tussen Oos- en Wes-Europa genoem?**

(a) Die Rooigordyn. (b) Die Berlynmuur.
(c) Die Ystergordyn. (d) Die Ystergrens.

- As wat staan die vermoë om nasies met kernwapens van die planeet af te vee, bekend?**

(a) Kernverwoesting. (b) Afskrikkende verdediging. (c) Kernuitwissing. (d) Oordrewendheid.



13. Hoe lank het die torpedo-aanval op Pearl Harbour geduur?

- (a) Omtrent 111 minute.
- (b) 20 minute.
- (c) 'n Uur.
- (d) Twee uur.

14. Die Tweede Wêreldoorlog het begin met die Duitse inval in watter land?

- (a) België.
- (b) Pole.
- (c) Oostenryk.
- (d) Tjecho-Slowakye.

15. In Nazi-Duitsland, wie was die 'uitverkorenes'?

- (a) Jode.
- (b) Indo-Ariërs.
- (c) Sigeuners.
- (d) Nordies-Duitse Ariërs.



16. Watter land was die hoof Spilmoonheid wat by die oorlog in die Stille Oseaan betrokke was?

- (a) Sowjet-Unie.
- (b) China.
- (c) Japan.
- (d) Duitsland.

17. Wat was die amptelike rede waarom die Verenigde State besluit het om 'n bom te werp, eerder as om Japan binne te val?

- (a) Hulle wou die uitwerking wat die bom op mense sou hê, toets.
- (b) Hulle het geglo dat hulle 500 000 tot 'n miljoen Geallieerde soldate sou verloor as hulle binnegeval het.
- (c) Hulle het *nie* gedink hulle sou Japan kon wen *nie*.
- (d) Hulle wou Rusland skrikmaak deur te wys dat hulle die atoombom gehad het.



18. Watter van die volgende alliansies is gevorm om kommunisme in Europa te keer?

- (a) Die Warskou Verdrag.
- (b) NAVO.
- (c) SOAVO.
- (d) SOO.

19. Die lansering van watter van die volgende het die ruimtewedloop tussen die VSA en die Sowjet-Unie begin?

- (a) Apollo I.
- (b) Tejetar.
- (c) Sputnik I.
- (d) Vostok.

20. Watter van die volgende rolprente is gemaak om haat vir die Jode in Nazi-Duitsland te skep?

- (a) Die Voorse Dief.
- (b) Die Noodsaklike Jood.
- (c) Die Minderwaardige Jood.
- (d) Die Ewige Jood.

21. In Nazi-Duitsland, waarna het die term 'Ewige Jood' verwys?

- (a) Om Jode na gaskamers te deporteer.
- (b) Om Jode te verplig om 'n geel ster te dra.
- (c) Om mense sonder enige wetlike prosedures te arresteer.
- (d) Om Jode te verbied om dokters of prokureurs te wees.

22. Die inval van watter Chinese stad, en die daaropvolgende slagting van duisende van sy burgers deur Japanse soldate, is as 'n oorlogsmisdaad beskou?

- (a) Yan'an.
- (b) Nanking.
- (c) Beijing.
- (d) Manchuria.



23. Wat was die hoofdoel van die Marshallplan?

- (a) Om kommunisme te help.
- (b) Om die armes te help.
- (c) Die heropbou van Europa.
- (d) Om Stalin met verkiesings te help.



24. Wie was die twee supermoondhede gedurende die Koue-oorlogera?

- (a) Brittanje en Frankryk.
- (b) Die Sowjet-Unie en Duitsland.
- (c) Die Sowjet-Unie en die Verenigde State.
- (d) Die Verenigde State en Brittanje.

25. Wie het die vliegtuig geloods wat die atoombom op Hirosjima gewerp het?

- (a) George Charter.
- (b) Paul Tibbets.
- (c) Ben Lang.
- (d) Nick Heiser.